

Publication: Volksblad-Daily (Sport)
Publication Date: 05 Apr 2017
Page: 12

AVE: 9769.76
Circulation: 15314
Part: 1 of 1

VARSITYBEKER-HALFEIND

# Witkaart daarom nie gevra – Hendro

## Afrigter trots op Shimlas se veggees

**Owen Kock**

Hulle het oor hul oorfone gehoor die TV-skeidsregter het reeds gevra om na die voorval te kyk en het gevolglik nie vir 'n witkaart gevra nie.

Só sê Hendro Scholtz, die afrigter van die Shimlas, oor die omstrede drie van die Tukkies se Sibahle Maxwane vroeg in dié Varsitybeker-halfeindstryd Maandagaand in Pretoria.

Die regtervleuel het op die doodlyn getrap toe hy omgedraf het om onder die pale te gaan druk.

"Die TV-skeidsregter was besig om daarna te kyk, maar kon toe nie beeldmateriaal daarvan kry nie. Toe die doelskop klaar geskop is en ons skop weer af, het hulle dit eers gekry," sê Scholtz.

Sy span het later teruggeveg om 'n agterstand van 0-23 byna uit te wis. Tuks het uiteindelik met 28-21 gewen en speel nou teen die Maties in die eindstryd.

"Die drie kon 'n verskil gemaak het, maar so ook Marco Mason se skop aan die einde wat oor die doodlyn was."

Mason het met 'n strafskop probeer om die bal so na moontlik aan Tuks se doellyn uit te skop.

"Ons gaan nie een of twee dinge uitsonder wat 'n verskil kon gemaak het nie, want Dian Badenhorst wat die bal verloor het toe hy oor die doellyn was, kon ook 'n verskil gemaak het," sê Scholtz.

Hy sê gedwonge en individuele foute het hulle eerder gekelder. "Ek is nietemin trots op my spelers, hulle het gewys daar is veggees in hulle al het 'n paar aangeë en eerste duikslae ons in die steek gelaat."

Oor die verloop van die Shimlas se reeks het Scholtz nie doekies omgedraai nie.

"Ons is warm en koud. Ons het óf baie goed óf baie swak gespeel. Ons was nie lou nie.

"Die twee spanne wat die bestendigste rugby gespeel het – die Maties en Tukkies – is in die eindstryd. Hulle was die beste twee spanne."

Hy erken dat hy aan die begin van die seisoen geweet het hulle diepte gaan behoorlik getoets word.

"Dit was moeilik omdat ons binne drie wedstryde albei ons losskakels, ons slotte en 'n haker verloor het.

"Ons diepte was nooit op daardie vlak dat die ou wat inkom, altyd so goed soos die ou wat beseer is, sou wees nie. Veral nie as jy twee spelers in 'n posisie verloor nie."

Die Shimlas se seisoen is ietwat ontwrig toe hulle hul laaste twee tuiswedstryde, teen die Maties en Tuks, in die Toyotastadion moes speel.

Die bestuur van die Universiteit van die Vrystaat en betogende studente het vroeër ooreengekom dat dié wedstryde nie op Shimlapark gespeel sou word nie. Scholtz hou vol dit het hulle nie werklik ontwrig nie, maar die Shimlas het in dié wedstryde meer as 100 punte afgestaan.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.